

Leier van Aksie

Josua was 'n leier wat op die Here en Sy beloftes vertrou het.

Teks: Joshua 1 en 24

Hulpmiddels:

- Welkomkaartjies waarop staan: “Wees sterk, wees vasberade, want die Here het jou gekies.”
- Skryf Josua 1:9 op 'n plakkaat en knip skoon papierstrookies dieselfde grootte as die woorde. (Dit gaan gebruik word om die woorde toe te plak soos nodig.)
- Karton vir boekmerke en enige gepaste versiering
- Verf en A4-papier met stokke om vlaggies te maak
- Roomysstokkies vir rame
- Prent van 'n leeu met die teks om in te kleur
- Soutklei wat gebak kan word om 'n “J”, “I” en “Q” mee te maak en tou om 'n armband mee te maak
- Pen, potlode, uitveër en papier



WELKOM

Elkeen kry 'n kaartjie waarop staan: “Wees sterk, wees vasberade, want die Here het jou gekies.”

Volg die leier

Die leidster loop voor en laat die kinders agter haar aan masjeer. (Loop buite of volg 'n roete deur die vertrek.)

Oefen eers met die kinders om te roep: “Ons is nie bang nie!”

Die leidster roep: “Ons is Kix/ Sonstraaltjies!”

Kinders antwoord: “Ons is nie bang nie!”

Leidster roep: “Ons lees Bybel!”

Kinders antwoord: “Ons is nie bang nie!”

Hou so aan en roep verskillende opmerkings soos:

“Ons gaan kerk toe!”;

“Ons praat die waarheid!”;

“Ons help ander!”;

“Ons is lief vir Jesus!” ens.

Terug by die beginpunt sing julle: “Ek wandel in die lig van God” terwyl almal na hul sitplekke stap.

Impromptu storie

Sit in 'n kring of om 'n tafel en plaas 'n voorwerp in die middel. (*Dit kan enigiets wees, selfs 'n potloodsakkie of 'n tennisbal.*) Julle gaan nou 'n storie opmaak. Jy begin. Neem die voorwerp en hou dit vas terwyl jy 'n storie begin vertel:

“Willem is 'n leeu; 'n groot goudbruin leeu met 'n dik bos maanhare en reuse kloue. Maar Willem is 'n bang leeu. Baie bang. Selfs sy toonnaels bewe as hy net 'n muis hoor piep. Eendag word Willem wakker en hy sien dat sy familie weg is. Hulle het gaan jag. Skielik hoor hy die blare agter hom ritsel. Iets kom nader; al hoe nader. Hy draai om en daar sien hy 'n ...”

Sit die voorwerp weer in die middel neer en laat een van die kinders dit optel en verder gaan met die storie. Die kind sit dan weer die voorwerp in die middel en 'n ander kind wat lus het, kan verder vertel. Moedig hulle aan om pret te hê, hul verbeelding te gebruik en mekaar te respekteer.



WYDING

Temalied: “Ons God is 'n Wonder God” (“Our God is an awesome God”) (Flam 85)

Stilword-ritueel:

Speel die klanksnit. (Kan gratis afgelaai word van ons webwerf en op 'n selfoon gespeel word.)

HARDE GELUIDE

“Kyk links en kyk regs, maar moenie verskrik wees nie!” (Doen met aksies.)

DONDERWEER, ENS.

“Kyk op, kyk af en moenie bang wees nie.” (Doen met aksies.)

MUSIEK

“Van voor en van agter, bo jou en onder jou, rondom jou en binne jou is die Here, die Ewige God.” (Draai in die rondte met arms uitgesprei.)



WOORD

“Ons is nie bang nie!” het julle geroep toe ons gestap het. Ons is nie bang om Bybel te lees of te bid nie, ons is nie bang om Kix (of Sonstraaltjies) toe te kom nie en nog baie ander dinge. Dis maklik om dit te sê, maar ons kan baie bang word wanneer ons weet van gevare.

Nadat Moses dood is, moes die Israëliete in Kanaän intrek. Josua was nou hulle leier. In Kanaän was daar baie gevare; daarom het die Here vir Josua moed ingespraak.

- *Ons lees net 3 van die verse uit die Bybel voor: Josua 1:5 en Josua 1:8-9.*
- *Herhaal vers 9. Plak nou die woorde van die vers teen 'n muur en laat die kinders dit saam met jou lees. Lees dit ritmies en hou by die ritme. Dit gaan die kinders help om die vers te onthou.*
- *Vra nou 'n kind om al die “wees”-woorde toe te plak. Lees nou weer die vers.*
- *'n Volgende kind kan die woord “moenie” kom toeplak en dan lees julle die vers weer.*

Daar was baie probleme wat Josua moes hanteer. Hy was nou die nuwe leier van duisende Israëliete en hulle was baie keer opstandig en ongehoorsaam. Sou hulle na hom luister? Daar het oorloë voorgelê. Daar was 'n rivier waaroor hulle moes kom en hulle het nog elke dag water en kos nodig gehad. God het geweet Josua was oor al hierdie dinge bekommerd. Daarom het Hy

die belofte gemaak.

Plak nou “sterk”, “skrik” en “die Here jou God” toe en lees weer die vers.

In baie lande van die wêreld mag mense nie Bybel lees of in Jesus glo nie. Hulle word gevang as hulle bid of Bybel lees. Hulle weet hulle moet soveel as moontlik van die Bybel uit hul kop leer, anders vergeet hulle dit as hulle sonder 'n Bybel is. Hulle moet dag en nag daaraan dink. Wanneer die christene bymekaar kom, moet hulle fluister as hulle Bybel lees, sing of bid. Ons gaan nou die vers fluister asof ons dit vir hulle sê.

- *Fluister vers 9.*
- *Vra nou vir die kinders of hulle kans sien om nog woorde toe te plak.*
- *Lees dit dan een of twee maal.*

Dink aan iets waarvoor jy bang is. (Noem voorbeelde uit die kinders se lewens.) Skryf met jou wysvinger in die palm van jou hand waarvoor jy bang is. Maak dan vuiste met jou hande en druk jou vingers so styf as moontlik in jou handpalm.

Sê weer die vers terwyl jy jou hande oopmaak en voor jou oophou. Glo jy dat die woorde van vers 9 waar is en dat die Here by jou sal wees?

Josua het geglo en hy was gehoorsaam aan die Here. Die Here was al die tyd by hom. Ons sal die volgende twee weke hoor van die wonders wat gebeur het omdat Josua gehoorsaam was en alles wat God gesê het, gedoen het.

- *Hoor by die kinders of daar van hulle is wat kans sien om Josua 1:9 alleen te sê. Indien nie, vra of twee maats dit saam wil doen.*
- *Laat almal opstaan en op een plek marsjeer terwyl hul die teks herhaal. Gaan sit daarna.*

Dit was nie net Josua wat die Here gedien het nie. Hy en sy huisgesin het saam geglo en God gehoorsaam. En nie net hulle nie... Josua het ook die hele volk, duisende mense, uitgedaag om vir die Here te kies. Daar was baie afgode in Kanaän en Josua het geweet dat die mense baie gou van die Here kan vergeet. Dit raak vir hulle interessant om van die afgode te leer en een-twee-drie, dan aanbid hulle afgode en draai hul rug op die Here. Daarom het Josua voor hulle gaan staan en gesê: “Kies die Here en dien Hom, maar oppas, julle moet mooi kies, want die Here laat nie met Hom mors nie. As julle vandag sê julle gaan Hom dien, kan julle nie weer omdraai en begin glo in afgode nie.”

Josua het nog 'n belangrike ding gesê. Hy het gesê dat, al kies die ander mense nie vir die Here nie, hy en sy familie sal die Here dien.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe het Josua se kinders gevoel toe hulle hoor wat hulle pappa sê.
2. Ek wonder hoe sal jy voel as jou pa of oupa voor almal sou opstaan en sê: “Ek en my familie sal die Here dien.” (Of jou ma, ouma of die skoolhoof.)
3. Ek wonder watter woord in Josua 1:9 is vir jou die belangrikste.

Doen 'n gebed en dank die Here vir Sy beloftes en verwys ook na die dinge wat vir die kinders belangrik was in die les.



WERSKAF

- ♦ Maak 'n boekmerk met Josua 1:9 of 'n deel daarvan daarop geskryf.
- ♦ Maak 'n "J", "1" en "9" uit klei. Steek 'n gaatjie daarin waardeur 'n toutjie of koordjie geryg kan word. Laat dit hard word en maak dan 'n armbandjie om die kinders te herinner aan die teks en waar dit in die Bybel staan.
- ♦ Verf "Ek en my familie sal die Here dien" op 'n A4-papier. Wanneer dit droog is, maak 'n vlaggie daarvan deur dit om 'n stokkie te plak.
- ♦ Verf "Ek en my familie sal die Here dien" op karton. Verf roomysstokkies en plak dit soos 'n raam om die woorde.
- ♦ Sit papier, potlode en penne neer waarop kinders wat wil vir die Here 'n gebed kan skryf waarin hulle vir Hom sê hoe hulle voel oor Sy belofte in Josua 1:9.

Seëngroet

(Josua 1:9 word in die eerste les van die kwartaal aangeleer en kan vir die res van die kwartaal na elke ontmoeting as seëngroet dien.)

Josua 1:9: "Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."



Josua 1:9

**Ek self gee
jou die opdrag.**

**WEES STERK,
WEES VASBERADE.**

**Moenie skrik nie,
moenie bang wees nie,**

**WANT EK,
DIE HERE JOU GOD,
is by jou oral
waar jy gaan.**



Josua 1:9

Ek self gee jou die opdrag.

**Wees sterk,
wees vasberade.**

**Moenie skrik nie,
moenie bang wees nie,**

**want Ek,
DIE HERE
JOU GOD,
is by jou oral
waar jy gaan.**